higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIENRIGLYN

## NASIONALE SERTIFIKAAT

## INLIGTINGVERWERKING N5

## 18 Mei 2021

**Hierdie nasienriglyn bestaan uit 34 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

# AFDELING A: TIKTEGNIEK

## RIGLYNE VIR NASIEN

**ONTHOU, DIE KANDIDAAT KAN NIE DRUIP OMDAT HY/SY NIE DIE TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS KON VOLTOOI OF SLAAG NIE.**

1. Die totaal van die vraestel is 200 punte. 80% vir akkuraatheid en 20% vir uiteensetting (VRAAG 2–5).

2. AKKURAATHEIDSFOUTE word met 'n ROOI / aangedui. HERHAALDE akkuraatheidsfoute word met 'n ROOI SIRKEL aangedui.
–4 PUNTE PER FOUT

3. UITEENSETTINGSFOUTE word met 'n BLOU X aangedui. HERHAALDE uiteensettingsfoute word met 'n BLOU SIRKEL aangedui.
–2 PUNTE PER FOUT

AKKURAATHEIDSFOUTE = Alle insleutelfoute
UITEENSETTINGSFOUTE = Uiteensettingsfoute en proefleestekens

4. **NASIENMETODE**

| 40 | 10 | 50 | MOONTLIKE PUNT |
|---|---|---|---|
| 2f | 4f | | AANTAL FOUTE |
| 32 | 2 | | TOTALE PUNT VIR VRAAG |
| (2 x 4 = 8) | (4 x 2 = 8) | 34 | Plaas akkuraatheid altyd eerste |
| ROOI | BLOU | TOTAAL | |

Kopiereg voorbehou 

## 5. ONVOLTOOIDE VRAE

Indien 'n ¼ van 'n vraag voltooi is, sal net 'n ¼ van die oorspronklike punt gebruik word om die vraag te merk. Indien 'n ½ van 'n vraag voltooi is, sal net 'n ½ van die oorspronklike punt gebruik word. Indien 'n vraag ¾ voltooi is, sal ¾ van die oorspronklike punt gebruik word.

**VOORBEELD:**

**TOTALE PUNT = 50 AKKURAATHEID = 40 UITEENSETTING = 10**
**½ VOLTOOI:**

| 40 | 10 | 50 | MOONTLIKE PUNT |
|---|---|---|---|
| 20 | 5 | 25 | ½ VOLTOOI |
| 2f | 4f | | AANTAL FOUTE |
| 12 | 0 | | |
| (2 x 4 = 8) | (4 x 2 = 5 maks) | 12 | Plaas akkuraatheid altyd eerste |
| ROOI | BLOU | TOTAAL | |

## 6. VERWERKING VAN PUNTE

Langs VRAAGNOMMER 1–6: Punte vir alle vrae (Afdeling A)

Langs VRAAGNOMMER 7–9: Punte vir alle vrae (Afdeling B)

Voorblad, bo:

Roupunt = Punt uit 300 (onder)

% = Roupunt verwerk na % in sirkel (bo)

= Roupunt gedeel deur 3

Afgerond = .5, .6, .7, .8, .9
Word vol punt, bv. 66.5 = 67%

Skryf voorletters en van onder sirkel

## VRAAG 1: NASIENSKEDULE – TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS

| W.P.M. | 45 | 50 | | W.P.M. | 45 | 50 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| FOUTE | PUNTE | PUNTE | | FOUTE | PUNTE | PUNTE |
| 1 | 19 | 19 | | 28 | 5 | 7 |
| 2 | 19 | 19 | | 29 | 5 | 6 |
| 3 | 18 | 19 | | 30 | 4 | 6 |
| 4 | 18 | 18 | | 31 | 4 | 5 |
| 5 | 17 | 18 | | 32 | 3 | 5 |
| 6 | 17 | 17 | | 33 | 3 | 4 |
| 7 | 16 | 17 | | 34 | 2 | 4 |
| 8 | 16 | 16 | | 35 | 1 | 3 |
| 9 | 15 | 16 | | 36 | 1 | 3 |
| 10 | 15 | 15 | | 37 | 0 | 2 |
| 11 | 14 | 15 | | 38 | | 2 |
| 12 | 14 | 14 | | 39 | | 1 |
| 13 | 14 | 14 | | 40 | | 1 |
| 14 | 13 | 13 | | 41 | | 0 |
| 15 | 13 | 13 | | | | |
| 16 | 12 | 12 | | | | |
| 17 | 11 | 12 | | | | |
| 18 | 10 | 11 | | | | |
| 19 | 10 | 11 | | | | |
| 20 | 9 | 10 | | | | |
| 21 | 9 | 10 | | | | |
| 22 | 8 | 9 | | | | |
| 23 | 8 | 9 | | | | |
| 24 | 7 | 8 | | | | |
| 25 | 7 | 8 | | | | |
| 26 | 6 | 8 | | | | |
| 27 | 6 | 7 | | | | |

**VRAAG 1 (VERVOLG)**

**LET WEL: ROOI / = AKKURAATHEIDSFOUTE**

**MERK DIE TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS BAIE VERSIGTIG AANGESIEN DIT 'N VERSKIL MAAK AAN DIE UITSLAE. ONTHOU DAT SLEGS AKKURAATHEID GEMERK WORD.**

**MERK VOLGENS DIE INGESLOTE DEPARTEMENTELE SKEDULE.**

**MERK SLEGS AKKURAATHEIDSFOUTE.**

Dui akkuraatheidsfoute aan met 'n rooi skuinsstreep (/).

Een of meer foutiewe karakters in 'n woord – 1 fout.

Moenie penaliseer vir foutiewe kantruimtes nie.

Moenie penaliseer vir foutiewe reëlafstande nie.

Moenie penaliseer vir foutiewe woordbreking nie.

Moenie penaliseer vir foutiewe hoofletters/kleinletters nie.

Moenie penaliseer vir foutiewe letterspasies nie.

Moenie penaliseer vir foutiewe belyning nie.

Moenie penaliseer vir foutiewe uiteensetting nie.

Moenie penaliseer indien 'n hele ry of paragraaf uitgelaat word en dit later op 'n ander plek ingesleutel word nie.

Wanneer presies dieselfde woord herhaaldelik foutief ingesleutel word, word dit slegs EEN keer PER VRAAG gepenaliseer. Daarna word dit as 'n herhalingsfout omkring.

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 1 (VERVOLG)**

Weglaat van woorde: Tel die eerste 5 aanslae en daarna elke 10 aanslae as 1 fout elk. As die laaste paar aanslae aan die einde 5 of meer is, tel nog 'n fout. As die laaste paar aanslae aan die einde minder as 5 is, word dit geïgnoreer.

Indien 45 w.p.m. nie voltooi is nie, tel terug soos aangedui in die nasienriglyn.

Die hoogste punt behaal word aangedui. Die hoogste spoed geslaag word aangedui.

Toon die spoed verkry met Slaag 45 w.p.m./Slaag 50 w.p.m./Druip waar van toepassing op die volgende manier:

**TOON AAN DIE EINDE VAN DIE TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS AAN**:

Slaag 45 w.p.m./Slaag 50 w.p.m./Druip; Foute; Punt

**TOON AAN DIE VOORKANT VAN DIE OMSLAG DIREK LANGS DIE PUNT BEHAAL VIR VRAAG 1:**

Slaag 45 w.p.m./Slaag 50 w.p.m./Druip

**TOON AAN OP DIE VOORKANT VAN DIE OMSLAG ONDER DIE SIRKEL VIR DIE PUNTE BEHAAL:**

Slaag 45 w.p.m./Slaag 50 w.p.m./Druip

Indien 'n kandidaat die eksamen druip (minder as 40%) en die tydnoukeurigheidstoets slaag, vervang die woord Druip die Slaag 45 w.p.m./Slaag 50 w.p.m. omdat 'n kandidaat nie die vraestel as 'n geheel kan druip en steeds erkenning kan kry vir die w.p.m. nie.

**DIE PUNT VIR TIKTEGNIEK (200) WORD BY DIE OUDIOTRANSKRIPSIEPUNT (100) GETEL OM 'N PUNT UIT 300 TE KRY WAT DAN VERWERK WORD NA 'N PUNT UIT 100 (PERSENTASIE).**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 1 (VERVOLG)**

Liefde is komplekse emosies, gedrag en oortuigings wat met sterk gevoelens van toegeneentheid, beskerming, warmte en respek vir 'n ander persoon verband hou. Byvoorbeeld, 'n persoon mag sê dat hy of sy lief is vir sy of haar hond, lief is vir vryheid, of lief is vir goeie woonbuurte. Wanneer iemand ons liefhet, voel ons dit in ons wese aan. Maar hoe werk dit? Is daar ekstrasensoriese waarneming in die hart wat in staat is om die gevoelens in 'n ander persoon se hart waar te neem?

Dit is in werklikheid nie eteriese of bonatuurlik nie. Inteendeel, dit is baie prakties en gewoon.

Ons hart kry leiding van ons sintuie. Alles wat ons sien, hoor, proe, aanraak of ruik leer ons oor ons heelal. Ons hoef nie na te dink of vrae te vra nie. Ons sintuie rapporteer aan ons brein, en ons brein interpreteer die data en stuur die verslag aan ons hart. So, as ons sien dat iemand liefderik vir ons glimlag, of as ons 'n liefderike aanraking voel, verwerk die brein die inligting en besluit: "Haai, iemand betoon op die oomblik liefde aan ons!"

Kortliks, wanneer iemand ons liefhet, is daar tasbare bewyse. Dit is nie 'n abstrakte gedagte of gevoel nie, dit is konkreet

**VRAAG 1 (VERVOLG)**

en daar is bewyse. Soos Koning Salomo in Spreuke (27:19) geskryf het: "Soos jy jou eie gesig sien as jy in die water kyk, so is die hart van die mens teenoor die mens." Dit beteken dat as jy liefderik hanteer word, jou hart daardie liefde aanvoel.

Die beste antwoord vir ware liefde waarmee ek vorendag kan kom, is die een liefde, die een hart, die een begrip van die een vonk in ons almal. Om mekaar te hanteer asof hulle jy is, en waarom nie? Ons is almal afbeeldings van mekaar. Geen uitsonderings nie. Maar die bewustheid van die waarheid kom terug in die lig. Onthou, dit is baie groter as 'n enkele mense se oortuigings. Wat maak in werklikheid goeie sin? Die ou wette van die mens is besig om te verswak, en dit is tyd om as gemeenskap saam te staan. Dit is net 'n besluit wat ons kan neem om bo die materiële en selfsugtigheid van ons ervarings uit te styg. Dit is beslis 'n nuwe era!

Liefde is 'n behoefte. Dit is die enjin wat alles aan die gang hou. Daarsonder sal mense nie lank hou nie. Daar sal niks wees om voor te lewe nie. Geen rede om te oorleef nie. Ek wens dat

**45 w.p.m.**

**VRAAG 1 (VERVOLG)**

dit onvoorwaardelik was, maar dit is nie. Dit is romanties, ja, maar romanse is misleidend. Dit is deel van die spel van die lewe. Dit is die rede waarom kinders gebore word. Op die tasbaarste vlak



**VRAAG 1 (VERVOLG)**

37
Wat maak in werklikheid goeie sin? Die ou wette |van die
36 35 34 33 32
me|ns is besi|g om te ve|rswak, en |dit is tyd| om as
31 30 29 28 27 26
gem|eenskap sa|am te staa|n. Dit is| net 'n be|sluit wat |ons
25 24 23 22 21
kan ne|em om bo d|ie materië|le en self|sugtigheid| van ons
20 19 18 17 16
e|rvarings u|it te styg|. Dit is |beslis 'n |nuwe era!
15
|
14 13 12 11 10
Liefde |is 'n beho|efte. Dit| is die en|jin wat al|les aan
9 8 7 6 5 4
di|e gang hou|. Daarson|der sal me|nse nie la|nk hou nie|.
3 2 1 → **45 w.p.m.**
Daar sa|l niks wee|s om voor |te lewe

**VRAAG 1 (VERVOLG)**




**[20]**

**TIKTEGNIEK**

| AKKURAATHEIDSKEDULE – VRAAG 2–6 | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| –4 PUNTE PER FOUT AFGETREK – AKKURAATHEID – ROOI | | | | | |
| **PUNTE** | **20** | **40** | **32** | **24** | **20** |
| **ROOI FOUTE** | **V2** | **V3** | **V4** | **V5** | **V6** |
| **0** | **20** | **40** | **32** | **24** | **20** |
| **1** | **16** | **36** | **28** | **20** | **16** |
| **2** | **12** | **32** | **24** | **16** | **12** |
| **3** | **8** | **28** | **20** | **12** | **8** |
| **4** | **4** | **24** | **16** | **8** | **4** |
| **5** | **0** | **20** | **12** | **4** | **0** |
| **6** | | **16** | **8** | **0** | |
| **7** | | **12** | **4** | | |
| **8** | | **8** | **0** | | |
| **9** | | **4** | | | |
| **10** | | **0** | | | |

**TIKTEGNIEK**

| UITEENSETTINGSKEDULE – VRAAG 2–5 | | | | |
|---|---|---|---|---|
| –2 PUNTE PER FOUT AFGETREK – UITEENSETTING – BLOU | | | | |
| **PUNTE** | **20** | **10** | **8** | **6** |
| **BLOU FOUTE** | **V2** | **V3** | **V4** | **V5** |
| **0** | **20** | **10** | **8** | **6** |
| **1** | **18** | **8** | **6** | **4** |
| **2** | **16** | **6** | **4** | **2** |
| **3** | **14** | **4** | **2** | **0** |
| **4** | **12** | **2** | **0** | |
| **5** | **10** | **0** | | |
| **6** | **8** | | | |
| **7** | **6** | | | |
| **8** | **4** | | | |
| **9** | **2** | | | |
| **10** | **0** | | | |

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 2**

**AKKURAATHEID – 20 PUNTE –4 punte per fout**

Elke insleutelfout

**UITEENSETTING – 20 PUNTE –2 punte per fout**

1. Kantruimtes (1,27 cm/0,5") foutief en/of
   Belyning (links, sentreer, regs, justeer) foutief en/of
   Reëlafstande (soos aangedui) foutief

2. Papiergrootte (A4-landskap) foutief en/of
   Tabelstoppe/inkeping foutief en/of
   Woordbreking foutief

3. Font/fontgrootte (Courier New 12 pt) foutief en/of
   Hoofletters/kleinletters foutief en/of
   Letterspasies foutief

4. / – nie verander na [die] nie en/of foutief en/of
   Skrap – nie geskrap nie en/of foutief en/of
   Voeg in – foutief en/of
   [Eksamennommer] links en [VRAAG 2] regs nie as kopskrif ingevoeg nie en/of foutief

5. Trs – nie omgeruil nie en/of foutief en/of
   Stet – nie behou nie en/of foutief en/of
   Sp – spelling foutief

6. Vetdruk – nie verander nie en/of foutief en/of
   Kursief – nie verander nie en/of foutief en/of
   Onderstreep – nie verander nie en/of foutief

7. Gesp hfls – gespasieerde hoofletters foutief en/of
   Skuif – nie geskuif nie en/of foutief en/of
   Saamvoeg – nie saamgevoeg nie en/of foutief

8. [ – nuwe reël foutief en/of
   Loop aan – foutief en/of
   Voluit – nie voluit nie en/of foutief

9. Hoofopskrifte foutief en/of
   Kolomopskrifte foutief en/of
   Kolomme foutief en/of
   Kolomme nie saamgevoeg nie en/of foutief en/of
   Ry nie beskadu nie en/of foutief

10. Vertikale lyne weggelaat en/of foutief

11. Horisontale lyne weggelaat en/of foutief

12. Syfers foutief en/of
    Ene, tiene nie ondermekaar nie

| | | | |
|---|---|---|---|
| ¼ | 5 | 5 | 10 |
| ½ | 10 | 10 | 20 |
| ¾ | 15 | 15 | 30 |
| | 20 | 20 | 40 |

13. Voetnota foutief

## VRAAG 2 (VERVOLG)

EKSAMENNOMMER VRAAG 2

**1 kantruimtes (1,27 cm/0,5"), belyning, reëlafstande 2 A4-landskap, tabelstoppe/inkeping, woordbreking Nee 3 font/fontgrootte, bk/ok, letterspasies 4 [Eksamennommer] links en [VRAAG 2] regs as kopskrif**
**9 hoofopskrifte, kolomopskrifte, kolomme, saamgevoeg, beskadu 10 vertikale lyne 11 horisontale lyne 12 syfers 13 voetnota**

**7 skuif 1 sentreer 3 bk 6 vetdruk, o/streep**

**VERSLAG OOR MOORDE WAT DEUR VERHOUDINGS VEROORSAAK WORD**

**7 gesp hfls** **5 sp**

*T A B E L 1 : Statisties op gendergelykheid gebaseer* **6 kurs**

**1 sentreer kolomopskrifte horisontaal en vertikaal 3 bk 8 NR** **8 voluit** **8 loop aan** **4 voeg in** **8 NR** **4 die** **8 NR** **¼**

| PLEKKE | MOORDSLAGOFFERS IN SUID-AFRIKA VOLGENS OUDERDOM EN GESLAG (2017/18) | | | TOTALE AANTAL BY DIE VERSKILLENDE PLEKKE | | | NASIONALE PERSENTASIE MOORDE WAT DEUR VERHOUDINGS VEROORSAAK IS | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Durban **7 voeg saam** | Mans | 16421 | 2013 | 2017 | 2018 | 2019 | 2017 | 2018 | 2019 |
| Vanderbijlpark | Vrouens | 3000 | 2014 | 5300 | 1200 | 1410 | 5,87% | 2,6% | 42% |
| Soweto | Seuns | 1500 | 2015 | 2400 | 1000 | 1689 | 3,5% | 3,8% | 75% |
| Limpopo | Meisies | 294 | 2016 | 5350 | 2900 | 1260 | 1,2% | 5,6% | 43% |
| Qwaqwa | Babas | 691 | 2017 | 4450 | 2056 | 1590 | 6,5% | 86% | 56% |
| Welkom | Ouer mense | 378 | 2018 | 6150 | 809 | 1517 | 87,5% | 8,9% | 80% |
| Katlehong | Transgender | 700 | 2019 | 1045 | 569 | 256 | 13,9% | 6% | 90% |

½ ¾

**5 trs** **4 skrap [sommige]**

*Tussen 960 000 en 3 000 000 gevalle van huishoudelike geweld word elke jaar gerapporteer, terwyl baie ander gevalle nie gerapporteer word nie.* **5 stet**

**[40]**

| | | | |
|---|---|---|---|
| ¼ | 5 | 5 | 10 |
| ½ | 10 | 10 | 20 |
| ¾ | 15 | 15 | 30 |
| | 20 | 20 | 40 |

## VRAAG 3

**AKKURAATHEID – 40 PUNTE –4 punte per fout**

Elke insleutelfout

**UITEENSETTING – 10 PUNTE –2 punte per fout**

1. Kantruimtes (2,54 cm/1" links en regs) foutief en/of
   Belyning (links, sentreer, regs, justeer) foutief en/of
   Reëlafstande (soos aangedui) foutief

2. Briefhoof nie herwin nie en/of foutief en/of
   Tabelstoppe/inkeping foutief en/of
   Woordbreking foutief

3. Font/fontgrootte (Courier New 12 pt en Bahnscript 16 pt) foutief en/of
   Hoofletters/kleinletters foutief en/of
   Letterspasies foutief

4. / – nie verander na [die] nie en/of foutief en/of
   Skrap – nie geskrap nie en/of foutief en/of
   Voeg in – foutief en/of
   Datum nie in dalende volgorde ingevoeg nie en/of ontvanger foutief en/of slot foutief en/of
   Bladsybreuk nie ingevoeg nie en/of foutief en/of
   Bladsynommer op tweede bladsy nie onder gesentreerd ingevoeg nie en/of foutief en/of
   [Eksamennommer] links nie ingevoeg as voetskrif nie en/of foutief

5. Trs – nie omgeruil nie en/of foutief en/of
   Stet – nie behou nie en/of foutief en/of
   Sp – spelling foutief

6. Vetdruk – nie verander nie en/of foutief en/of
   Kursief – nie verander nie en/of foutief en/of
   Onderstreep – nie verander nie en/of foutief

7. Skuif – nie geskuif nie en/of foutief en/of
   Saamvoeg – nie saamgevoeg nie en/of foutief

8. NP – nuwe paragraaf foutief en/of
   Loop aan – foutief en/of
   In woorde – nie in woorde nie en/of foutief

9. Paragrawe nie in numeriese volgorde ingevoeg nie en/of foutief en/of
   Kolpunte nie vervang met genommerde subparagraafnommers nie en/of foutief en/of
   Rand om opskrif nie ingevoeg nie en/of foutief

| | | | |
|---|---|---|---|
| ¼ | 10 | 3 | 13 |
| ½ | 20 | 5 | 25 |
| ¾ | 30 | 8 | 18 |
| | **40** | **10** | **50** |

## VRAAG 3 (VERVOLG)

**1 kantruimtes (2,54 cm/1"), belyning, reëlafstande 2 briefhoof, tabelstoppe/inkeep, woordbreking Ja 3 font/fontgrootte, bk/ok, letterspasies 4 [Eksamennommer] links as voetskrif**

# DIE BEKEZELA ORGANISASIE

Posbus 5678
JOHANNESBURG
2000

Selnr.: 082 123 4567
E-pos: bekezela@gmail.com



---

2021-05-18 **4 dalende volgorde**

AAN ALLE SLAGOFFERS **4 sit korrek uiteen**

**9 rand 3 bk 6 vetdruk, kurs 1 sentreer**

***VERHOUDING TUSSEN OORTREDER EN SLAGOFFER VOLGENS MOTIEF IN MOORDSAKE***

**9 paragrawe in numeriese volgorde**

1. **WINS** **1 belyn links 3 bk 6 vetdruk**

**9 subparagraafnommers**

1.1 Die tweede algemeenste motief vir intieme maatmoorde wat bestudeer is, was wins (**23%**). **6 vetdruk**

**4 voeg in** **4 die**

1.2 In hierdie gevalle was die hoofoorsaak vir die moord om een of ander persoonlike en tasbare voordeel te kry. Hierdie slagoffers is vermoor omdat hulle iets gehad het wat die oortreder wou hê, soos geld of eiendom.

1.3 In teenstelling met die jaloesiemoorde, is winsmoorde dikwels deur vroue gepleeg. Dié wat vroue betrek het (vyf uit sewe gevalle) was vir finansiële wins – omdat die vrou versekeringsgeld en bates wou hê, of omdat hulle gedink het dat hulle na 'n egskeiding uit die testament gelaat sou word. **5 trs 8 in woorde**

2. **JALOESIE** **1 belyn links 3 bk 6 vetdruk**

2.1 Jaloesiemoorde behels dat die oortreder dink dat hulle die gevaar staan om hul maat aan iemand anders te verloor. Óf die oortreder se geliefde of hul teenstander mag die teiken in hierdie moorde wees. **4 die**

2.2 Jaloesie was die oorsaak van die grootse aantal moorde van 'n intieme maat wat in die studie ondersoek is (**40%**). Hierdie jaloesiegevalle het almal mans ingesluit wat hul vrouens vermoor het. In hofdokumente vir hierdie gevalle, was jaloerse woede of morbiede jaloesie dikwels die oorsaak vir hierdie moorde. **8 loop aan** **4 bladsybreuk** **6 vetdruk**

EKSAMENNOMMER **4 voetskrif links**

## VRAAG 3 (VERVOLG)

3. **LIEFDE** **1 belyn links 3 bk 6 vetdruk**

3.1 In die laaste plek word moorde wat deur liefde gemotiveer is gepleeg sodat die oortreder 'n persoon wat hulle liefhet uit 'n situasie kan red wat hulle glo "erger as die dood" is. Dit kan op twee maniere manifesteer. **5 stet**

3.2 Altruïstiese moorde mag inhou dat die oortreder die situasie as só erg ervaar dat hulle eerder die slagoffer dood sou wou hê as wat hy of sy oorleef om dit te ervaar. Alternatiewelik, kan moorde wat plaasvind deur 'n geliefde te help om selfmoord te pleeg, ook deur liefde gemotiveer word. **5 sp** **6 o/streep** ¾

**7 skuif**

Die dialoog aangaande moorde in verhoudings fokus dikwels op die geskiedenis van huishoudelike geweld in die verhouding, eerder as op die redes waarom die oortreder hul maat vermoor het. **4 die** **4 skrap [wyse]**

**7 voeg saam**

Ongeag die belangrikheid van huishoudelike geweld, waarom moor mense soms dié wat hulle liefhet?

**1 sentreer 3 Bahnscript 16 pt**

**2 Voeg 'n lyntabelstop in op 7,62 cm/3"**

_____

DIREKTEUR **4 sit korrek uiteen**

**[50]**

| | | | |
|---|---|---|---|
| ¼ | 10 | 3 | 13 |
| ½ | 20 | 5 | 25 |
| ¾ | 30 | 8 | 18 |
| | **40** | **10** | **50** |

## VRAAG 4

**AKKURAATHEID – 32 PUNTE –4 punte per fout**

Elke insleutelfout

**UITEENSETTING – 8 PUNTE –2 punte per fout**

1. Kantruimtes (1,27 cm/0,5" links en regs) foutief en/of
   Belyning (links, sentreer, regs, justeer) foutief en/of
   Reëlafstande (soos aangedui) foutief

2. Papiergrootte (A4-landskap) foutief en/of
   Tabelstoppe/inkeping foutief en/of
   Woordbreking foutief

3. Font/fontgrootte (Courier New 12 pt en Sitka Heading 20 pt) foutief en/of
   Hoofletters/kleinletters foutief en/of
   Letterspasies foutief

4. / – nie verander na [die] nie en/of foutief en/of
   Skrap – nie geskrap nie en/of foutief en/of
   Voeg in – foutief en/of
   Paragraafnommers nie weggelaat nie en/of foutief en/of
   Bladsybreuk nie ingevoeg nie en/of foutief en/of
   Bladsynommer op tweede bladsy nie onder regsbelyn ingevoeg nie en/of foutief en/of
   Kolpunte nie ingevoeg nie en/of foutief en/of
   [Eksamennommer] links en [VRAAG 4] regs nie as kopskrif ingevoeg nie en/of foutief

5. Trs – nie omgeruil nie en/of foutief en/of
   Stet – nie behou nie en/of foutief en/of
   Sp – spelling foutief

6. Vetdruk – nie verander nie en/of foutief en/of
   Kursief – nie verander nie en/of foutief en/of
   Onderstreep – nie verander nie en/of foutief

7. Skuif – nie geskuif nie en/of foutief en/of
   Saamvoeg – nie saamgevoeg nie

8. NP – nuwe paragrawe foutief en/of
   Loop aan – foutief en/of
   Voluit – nie voluit nie en/of foutief

9. Kolomme nie ingevoeg nie en/of foutief en/of vertikale lyn nie ingevoeg tussen kolomme nie en/of foutief en/of afstand tussen kolomme nie 1,27 cm/0,5" en/of foutief

| | | | |
|---|---|---|---|
| ¼ | 8 | 2 | 10 |
| ½ | 16 | 4 | 20 |
| ¾ | 24 | 6 | 30 |
| | **32** | **8** | **40** |

## VRAAG 4 (VERVOLG)

**1 kantruimtes (1,27 cm/0,5"), belyning, reëlafstande 2 A4-landskap, tabelstoppe/inkeep, woordbreking Ja 3 font/fontgrootte, bk/ok, letterspasies 4 [Eksamennommer] links en [VRAAG 4] regs as kopskrif**

EKSAMENNOMMER VRAAG 4

**1 sentreer 3 bk, Sitka Heading 20 pt 6 vetdruk**

# POSITIEWE EN NEGATIEWE INVLOED VAN LIEFDE

**9 2 kolomme met vertikale lyn, afstand tussen kolomme 1,27 cm/0,5" 4 paragraafnommers weggelaat**

**GESONDHEID:** **3 bk 6 vetdruk**

**8 NP 8 loop aan**

Verskeie studies het getoon dat om iemand lief te hê tot goeie gesondheid kan bydra. Elke keer as jy jou liefde vir 'n persoon uitspreek, stel jou brein serotonien vry - 'n hormoon wat jou laat goed voel. So ja, met meer liefde in die omtrek, sal jou ge-sondheid waarskynlik met verloop van tyd verbeter. **6 o/streep**

**PERSOONLIKE BANDE:** **3 bk 6 vetdruk**

**8 NP 8 voluit** **¼**

Liefde kan help om noue bande met ander te vorm; as 'n spesie, is ons redelik sosiaal en vorm dikwels verskeie verhoudings in die loop van 'n enkele lewe. **7 voeg saam 4 die 4 skrap (En ... maak).**

**VERHOUDINGS:** **3 bk 6 vetdruk**

**8 NP 4 voeg in 4 die**

Liefde kan help om verhoudings te bevestig en dit is een van die redes waarom die meeste ge-troude paartjies aangeraai word om hul beloftes teenoor mekaar na 'n sekere tyd te herbevestig om hul liefde vir mekaar te toon.

**DEPRESSIE:** **3 bk 6 vetdruk**

**8 NP** **½**

Liede is 'n kragtige gevoel - een wat kan veroorsaak dat ons voel asof ons op lug sweef. In die geval van liefde wat nie wederkerig is nie, kan dit die persoon in diep depressie laat verval. Verrassend genoeg is liefde een van die hoofoorsake. **4 die**

**SPANNING:** **3 bk 6 vetdruk**

**8 NP 5 stet 4 die**

Liefde kan ook spanning veroorsaak; veral in die begin van 'n nuwe verhouding. Wanneer die meeste paartjies 'n nuwe verhouding begin, is daar dikwels spanning omdat hulle probeer om by die ander persoon aan te pas. **4 die**

**SELFMOORDE:** **3 bk 6 vetdruk**

**8 NP 4 die 5 trs**

Verskeie jong mans en vrouens pleeg selfmoord oor liefde; die redes kan wissel van liefde wat nie wederkerig is nie tot maats wat hulle verneuk.

**4 skrap [Dit ... word.]** **¾**

**4 bladsybreuk**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 4 (VERVOLG)

EKSAMENNOMMER VRAAG 4

**4 kolpunte** **4 die**

- Liefde hou die wêreld beslis aan die gang; liefde vir mekaar, die liefde wat ons vir ons familie en vriende het – maar wanneer dit by die omskrywing van hierdie liefde kom, is dit moeilik om dit in eenvoudige terme te omskryf.

**8 NP 4 die** **6 kurs** **5 sp**

- Maar dit is 'n kragtige motiveerder – een wat ons *fisies en emosioneel* kan beïnvloed. Dit beklemtoon al die verhoudings wat ons in die loop van ons natuurlike lewens vorm, maar dit kom met sy eie bagasie.

**4 skrap [Dit ... kyk.]**

**[40]**

| | | | |
|---|---|---|---|
| ¼ | 8 | 2 | 10 |
| ½ | 16 | 4 | 20 |
| ¾ | 24 | 6 | 30 |
| | **32** | **8** | **40** |

**4 bladsynommer onder regsbelyn**



Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 5

**AKKURAATHEID – 24 PUNTE –4 punte per fout**

Elke insleutelfout

**UITEENSETTING – 6 PUNTE –2 punte per fout**

1. Kantruimtes (2,54 cm/1" links en regs) foutief en/of
   Belyning (links, sentreer, regs, justeer) foutief en/of
   Reëlafstande foutief

2. Papiergrootte (A4-portret) foutief en/of
   Tabelstoppe/inkeping foutief en/of
   Woordbreking foutief

3. Font/fontgrootte (Courier New 12 pt) foutief en/of
   Hoofletters/kleinletters foutief en/of
   Letterspasies foutief

4. / nie vervang na [die] nie en/of foutief en/of
   Skrap – nie geskrap nie en/of foutief en/of
   Voeg in – foutief en/of
   Slot foutief uiteengesit en/of foutief en/of
   [Eksamennommer] links en [VRAAG 5] regs nie as kopskrif ingevoeg nie en/of foutief

5. Trs – nie omgeruil nie en/of foutief en/of
   Stet – nie behou nie en/of foutief en/of
   Sp – spelling foutief

6. Vetdruk – nie verander nie en/of foutief en/of
   Kursief – nie verander nie en/of foutief en/of
   Dubbelonderstreep – nie verander nie en/of foutief

7. Skuif – nie geskuif nie en/of foutief en/of
   Saamvoeg – nie saamgevoeg nie en/of foutief

8. NP – nuwe paragraaf foutief en/of
   Loop aan – foutief en/of
   Voluit – datum nie voluit nie en/of foutief

| | | | |
|---|---|---|---|
| ¼ | 6 | 2 | 8 |
| ½ | 12 | 3 | 15 |
| ¾ | 18 | 5 | 23 |
| | **24** | **6** | **30** |

## VRAAG 5 (VERVOLG)

**1 kantruimtes (2,54 cm/1"), belyning, reëlafstande 2 A4-portret, tabelstoppe/inkeep, woordbreking Ja 3 font/fontgrootte, bk/ok, letterspasies 4 [Eksamennommer] links en [VRAAG 5] regs as kopskrif**

EKSAMENNOMMER VRAAG 5

**4 voeg in 4 die 8 voluit 4 die 3 bk**

Hiermee word kennis gegee dat die Algemene Jaarvergadering van die maatskappy gehou sal word by Potlakostraat 3839B, Pimville, op Maandag 7 Junie 2021 om 12:00. Lees asseblief die ingeslote dokumentasie ter voorbereiding vir die sake wat bespreek sal word. **8 loop aan**

1. OPENING **3 bk 6 dubbelo/streep**
   **8 NP 4 die 7 voeg saam**
   Die voorsitter het almal verwelkom en die vergadering as ¼ behoorlik saamgestel verklaar. **5 trs 4 die**

2. TEENWOORDIG **3 bk 6 dubbelo/streep**

   Volgens teenwoordigheidsregister.

3. NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING **3 bk 6 dubbelo/streep**

   Die notule van die vergadering wat op 3 April 2021 gehou is, is gesirkuleer, is as gelese beskou, en is goedgekeur en onderteken.

4. VOORSITTER SE JAARVERSLAG EN FINANSIËLE STATE **3 bk 6 dubbelo/streep ½**

   Die bogenoemde verslag is aan die vergadering voorgelê en, op voorstel van Me K Monisi, is dit saam met die finansiële state eenparig aanvaar. **4 skrap [ouditeur]**

**7 skuif**

5. AANSTELLING VAN OUDITEURS **3 bk 6 dubbelo/streep**

   Daar is eenparig besluit dat Me N Rakomane as ouditeur vir die volgende finansiële jaar aangestel word. **4 die**

6. ALGEMEEN **3 bk 6 dubbelo/streep ¾**
   **5 stet 4 die 5 sp**
   Mnr. Shibambo het gerapporteer dat die welsynsorganisasie 'n groot aantal vrouens en mans wat deur hul eggenote mishandel is, bygekry het, en dat die meeste van hulle ernstig beseer is.

7. AFSLUITING **3 bk 6 dubbelo/streep**

   Die vergadering het om 17:00 verdaag.

Op las van die direksie

| | | | |
|---|---|---|---|
| ¼ | 6 | 2 | 8 |
| ½ | 12 | 3 | 15 |
| ¾ | 18 | 5 | 23 |
| | **24** | **6** | **30** |

**4 sit korrek uiteen**

MNR. CANNEY **3 bk/ok** ME MATHUTHU **3 bk/ok**

***VOORSITTER*** ***SEKRETARIS*** **6 vetdruk, kurs**

18 Mei 2021 **4 Vandag se datum voluit**

**[30]**

**VRAAG 6**

| **AKKURAATHEID – 20 PUNTE –4 punte per fout** |
|---|
| Elke insleutelfout |
| **UITEENSETTING – 0 PUNTE** |

**GEEN PUNTE SAL AFGETREK WORD VIR UITEENSETTING**

Moenie penaliseer vir foutiewe kantruimtes nie.

Moenie penaliseer vir foutiewe reëlafstande nie.

Moenie penaliseer vir foutiewe woordbreking nie.

Moenie penaliseer vir foutiewe hoofletters/kleinletters nie.

Moenie penaliseer vir foutiewe letterspasies nie.

Moenie penaliseer vir foutiewe belyning nie.

Moenie penaliseer vir foutiewe uiteensetting nie.

Moenie penaliseer indien 'n hele ry of paragraaf uitgelaat word en dit later op 'n ander plek ingesleutel word nie.

Wanneer presies dieselfde woord herhaaldelik foutief ingesleutel word, word dit slegs EEN keer PER VRAAG gepenaliseer. Daarna word dit as 'n herhalingsfout omkring.

Weglaat van woorde: Tel die eerste 5 aanslae en daarna elke 10 aanslae as 1 fout elk. As die laaste paar aanslae aan die einde 5 of meer is, tel nog 'n fout. As die laaste paar aanslae aan die einde minder as 5 is, word dit geïgnoreer.

| | | | |
|---|---|---|---|
| ¼ | **5** | **0** | **5** |
| ½ | **10** | **0** | **10** |
| ¾ | **15** | **0** | **15** |
| | **20** | **0** | **20** |

**VRAAG 6 (VERVOLG)**

EKSAMENNOMMER VRAAG 6

Lerato ke ntho e monate e etsahalang pakeng tsa batho ba babedi. Lerato ha le na theko empa fela le itlhokela tsena tse latelang; thlompho, nako, mofuthu le tshehetso. ¼

Lerato le mosa ha lena bokgopo, tseba hore haebe wena o kene leratong le utlwisang bohloko le sisisang pelo le tletseng dikomang le dithetso, ha se lona lerato la mannete. ½

¾

Motho a maratong o mobona ka ho bososela bosiu le motsheare hore ka nnete-nete motho wa rona ho tletse lerato pelong ya hae, ebile ha ana le dipelaelo tse ka mositisang ho rata moratuwa wa hae.

| | | | |
|---|---|---|---|
| ¼ | 5 | 0 | 5 |
| ½ | 10 | 0 | 10 |
| ¾ | 15 | 0 | 15 |
| | 20 | 0 | 20 |

**[20]**

**TOTAAL AFDELING A: 200**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING B: OUDIOTRANSKRIPSIE

### RIGLYNE VIR NASIEN

1. Die totaal van hierdie afdeling is 100 punte. 80% vir akkuraatheid en 20% vir uiteensetting (VRAAG 7–9).

2. AKKURAATHEIDSFOUTE word met 'n ROOI / aangedui. HERHAALDE akkuraatheidsfoute word met 'n ROOI SIRKEL aangedui.
   –1 PUNT PER FOUT

3. UITEENSETTINGSFOUTE word met 'n BLOU X aangedui. HERHAALDE uiteensettingsfoute word met 'n BLOU SIRKEL aangedui.
   –1 PUNT PER FOUT

   AKKURAATHEIDSFOUTE = Alle insleutelfoute
   UITEENSETTINGSFOUTE = Dikteerinstruksiefoute

4. **NASIENMETODE**

| 16 | 4 | 20 | MOONTLIKE PUNT |
|---|---|---|---|
| 2f | 4f | | AANTAL FOUTE |
| 2 | 4 | | TOTALE PUNT VIR VRAAG |
| (2 x 1 = 2) | (4 x 1 = 4) | 14 | Plaas akkuraatheid altyd eerste |
| ROOI | BLOU | TOTAAL | |

5. **ONVOLTOOIDE VRAE**

Indien 'n ¼ van 'n vraag voltooi is, sal net 'n ¼ van die oorspronklike punt gebruik word om die vraag te merk. Indien 'n ½ van 'n vraag voltooi is, sal net 'n ½ van die oorspronklike punt gebruik word. Indien 'n vraag ¾ voltooi is, sal ¾ van die oorspronklike punt gebruik word.

**VOORBEELD:**

**TOTALE PUNT = 20 AKKURAATHEID = 16 UITEENSETTING = 4**

**½ VOLTOOI:**

| 16 | 4 | 20 | MOONTLIKE PUNT |
|---|---|---|---|
| 8 | 2 | 10 | ½ VOLTOOI |
| 2f | 4f | | AANTAL FOUTE |
| 6 | 0 | | |
| (2 x 1 = 2) | (4 x 1 = 2 maks) | 6 | Plaas akkuraatheid altyd eerste |
| ROOI | BLOU | TOTAAL | |

Kopiereg voorbehou 

6. **VERWERKING VAN PUNTE**

Penaliseer en merk soos vir Tiktegniek – slegs die punte per fout verskil (EEN PUNT PER FOUT).

7. DIE PUNT VIR TIKTEGNIEK (200) WORD BY DIE OUDIOTRANSKRIPSIEPUNT (100) GETEL OM 'N PUNT UIT 300 TE KRY WAT DAN VERWERK WORD NA 'N PUNT UIT 100 (PERSENTASIE).

Kopiereg voorbehou 

## OUDIOTRANSKRIPSIE

| SKEDULE – VRAAG 7–9 | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| –1 PUNT AFGETREK PER FOUT<br>AKKURAATHEID – ROOI<br>UITEENSETTING – BLOU | | | | | | |
| **PUNTE:** | **AKKURAATHEID** | | | **DIKTEERINSTRUKSIES** | | |
| | **20** | **24** | **36** | **5** | **6** | **9** |
| **VRAAG:<br>FOUTE:** | **V7** | **V8** | **V9** | **V7** | **V8** | **V9** |
| **0** | **20** | **24** | **36** | **5** | **6** | **9** |
| **1** | **19** | **23** | **35** | **4** | **5** | **8** |
| **2** | **18** | **22** | **34** | **3** | **4** | **7** |
| **3** | **17** | **21** | **33** | **2** | **3** | **6** |
| **4** | **16** | **20** | **32** | **1** | **2** | **5** |
| **5** | **15** | **19** | **31** | **0** | **1** | **4** |
| **6** | **14** | **18** | **30** | | **0** | **3** |
| **7** | **13** | **17** | **29** | | | **2** |
| **8** | **12** | **16** | **28** | | | **1** |
| **9** | **11** | **15** | **27** | | | **0** |
| **10** | **10** | **14** | **26** | | | |
| **11** | **9** | **13** | **25** | | | |
| **12** | **8** | **12** | **24** | | | |
| **13** | **7** | **11** | **23** | | | |
| **14** | **6** | **10** | **22** | | | |
| **15** | **5** | **9** | **21** | | | |
| **16** | **4** | **8** | **20** | | | |
| **17** | **3** | **7** | **19** | | | |
| **18** | **2** | **6** | **18** | | | |
| **19** | **1** | **5** | **17** | | | |
| **20** | **0** | **4** | **16** | | | |
| **21** | | **3** | **15** | | | |
| **22** | | **2** | **14** | | | |
| **23** | | **1** | **13** | | | |
| **24** | | **0** | **12** | | | |
| **25** | | | **11** | | | |
| **26** | | | **10** | | | |
| **27** | | | **9** | | | |
| **28** | | | **8** | | | |
| **29** | | | **7** | | | |
| **30** | | | **6** | | | |
| **31** | | | **5** | | | |
| **32** | | | **4** | | | |
| **33** | | | **3** | | | |
| **34** | | | **2** | | | |
| **35** | | | **1** | | | |
| **36** | | | **0** | | | |
| **37** | | | | | | |
| **38** | | | | | | |
| **39** | | | | | | |
| **40** | | | | | | |

**VRAAG 7**

| **AKKURAATHEID – 20 PUNTE –1 punt per fout** |
|---|
| Elke insleutelfout |
| **UITEENSETTING – 5 PUNTE –1 punt per fout** |

1. Kantruimtes (2,54 cm/1" links en regs) foutief en/of
   Belyning (links, sentreer, regs, justeer) foutief en/of
   Reëlafstande (soos aangedui) foutief

2. Papiergrootte (A4-portret) foutief en/of
   Tabelstoppe/inkeping foutief en/of
   Woordbreking foutief

3. Font/fontgrootte (Courier New 12 pt en Colonna 20 pt) foutief en/of
   Hoofletters/kleinletters foutief en/of
   Letterspasies foutief

4. Datums nie voluit ingevoeg nie en/of foutief

5. Ek spel foutief – dringende; Raadslede

6. Vetdruk – nie verander nie en/of foutief

7. Gespasieerde hoofletters foutief en/of
   [Eksamennommer] links en [VRAAG 7] regs nie as kopskrif ingevoeg nie en/of foutief

8. Genommerde paragrawe nie ingevoeg nie en/of foutief en/of
   Kolpunte nie ingevoeg nie en/of foutief

| | | | |
|---|---|---|---|
| ¼ | 5 | 1 | 6 |
| ½ | 10 | 3 | 13 |
| ¾ | 15 | 4 | 19 |
| | **20** | **5** | **25** |

## VRAAG 7 (VERVOLG)

**1 kantruimtes (2,54 cm/1"), belyning, reëlafstande 2 A4-portret, tabelstoppe/inkeep, woordbreking Nee 3 font/fontgrootte, bk/ok, letterspasies 7 [Eksamennommer] links en [VRAAG 7] regs as kopskrif**

EKSAMENNOMMER VRAAG 7

**5 sp** **5 sp**

Kennis word hiermee gegee van 'n dringende vergadering van Raadslede wat gehou sal word in Pretoria, Nozistraat 7710, White City op Vrydag, 1 Junie 2021 om 10:00. **4 voluit** **3 bk** ¼

**3 Colonna MT 20 pt 7 gesp hfls 6 vetdruk 1 sentreer**

AGENDA

1. Welkom

2. Notule van die vorige vergadering **8 paragraafnommering**

3. Voorsitter se jaarverslag en finansiële state

4. Aanstelling van ouditeurs ½

5. Agendapunte

- Openheid
- Empatie
- Volwassenheid **8 kolpunte**
- Verbintenis
- Eerlikheid
- Skikking ¾

| | | | |
|---|---|---|---|
| ¼ | 5 | 1 | 6 |
| ½ | 10 | 3 | 13 |
| ¾ | 15 | 4 | 19 |
| | **20** | **5** | **25** |

6. Enige ander sake

Op las van die direksie

T Mawela
SEKRETARIS **3 bk**

18 Mei 2021 **4 voluit**

**[25]**

**VRAAG 8**

| **AKKURAATHEID – 24 PUNTE –1 punt per fout** |
|---|
| Elke insleutelfout |
| **UITEENSETTING – 6 PUNTE –1 punt per fout** |

1. Kantruimtes (2,54 cm/1" links en regs) foutief en/of
   Belyning (links, sentreer, regs, justeer) foutief en/of
   Reëlafstande (soos aangedui) foutief

2. Papiergrootte (A4-portret) foutief en/of
   Tabelstoppe/inkeping foutief en/of
   Woordbreking foutief

3. Font/fontgrootte (Courier New 12 pt en Bradley Hand ITC 20 pt) foutief en/of
   Hoofletters/kleinletters foutief en/of
   Letterspasies foutief

4. Kolpunte nie ingevoeg nie en/of foutief en/of
   Datum nie voluit nie en/of foutief en/of
   Nie in syfers nie en/of foutief en/of
   Horisontale lyne nie ingevoeg nie en/of foutief

5. Ek spel foutief – Bekezela; geëer; ondersteuningstelsel; vrouemoord

6. Vetdruk – nie verander nie en/of foutief en/of
   Kursief – nie verander nie en/of foutief en/of
   Onderstreep – nie verander nie en/of foutief

7. Gespasieerde hoofletters foutief en/of
   [Eksamennommer] links en [VRAAG 8] regs nie as kopskrif ingevoeg nie en/of foutief

| | | | |
|---|---|---|---|
| ¼ | 6 | 2 | 8 |
| ½ | 12 | 3 | 15 |
| ¾ | 18 | 5 | 23 |
| | **24** | **6** | **30** |

## VRAAG 8 (VERVOLG)

**1 kantruimtes (2,54 cm/1"), belyning, reëlafstande 2 A4-portret, tabelstoppe/inkeep, woordbreking Nee**
**3 font/fontgrootte, bk/ok, letterspasies 7 [Eksamennommer] links en [VRAAG 8] regs as kopskrif**

EKSAMENNOMMER VRAAG 8

**7 gesp hfls 1 sentreer 3 Bradley Hand ITC 20 pt 6 vetdruk**

MEMORANDUM

**4 horisontale lyne**

| | | |
|---|---|---|
| **AAN:** | **VROUEVERENIGING** | **3 bk 6 vetdruk** |
| **VAN:** | **GESONDHEIDSORGANISASIE** | |
| **ONDERWERP:** | **DIE BEKEZELA-BRIGADE** **5 sp** | |
| **DATUM:** | **18 MEI 2021** | **4 Vandag se datum voluit** |

**1 sentreer 3 bk 6 o/streep** ¼

PLAAS JOUSELF EERSTE

**6 vetdruk, kurs 5 sp**

***Sukkel jy om 'n huwelik of verhouding te verlaat waarin jy nie meer geëer word nie? Hier is 5 klein treetjies:*** **4 in syfers**

**4 kolpunte**

- Verstaan die redes waarom jy uithou. Vra jouself die volgende af: Waarom het ek so lank in 'n toksiese verhouding gebly? Kry sielkundige hulp.

**5 sp**

- Bou 'n goeie ondersteuningstelsel op wat jou met jou verhoudingsprobleme kan help. Dit kan familie, vriende en professionele hulp insluit. ½

- Strewe daarna om onafhanklik te wees – emosioneel en finansieel.

- Rapporteer die mishandeling. Die meeste vroue wil loop, maar vrees vir hul lewens. ¾

**5 sp**

- Met die toenemende vrouemoord in Suid-Afrika, is dit steeds die moeite werd om in 'n verhouding of huwelik te 'bekezela' ten koste van jou eie welstand?

| | | | |
|---|---|---|---|
| ¼ | 6 | 2 | 8 |
| ½ | 12 | 3 | 15 |
| ¾ | 18 | 5 | 23 |
| | **24** | **6** | **30** |

**[30]**

**VRAAG 9**

| **AKKURAATHEID – 36 PUNTE –1 punt per fout** |
|---|
| Elke insleutelfout |
| **UITEENSETTING – 9 PUNTE –1 punt per fout** |

1. Kantruimtes (2,54 cm/1" links en regs) foutief en/of
   Belyning (links, sentreer, regs, justeer) foutief en/of
   Reëlafstande (soos aangedui) foutief

2. Papiergrootte (A4-portret) foutief en/of
   Tabelstoppe/inkeping foutief en/of
   Woordbreking foutief

3. Font/fontgrootte (Courier New12 pt) foutief en/of
   Hoofletters/kleinletters foutief en/of
   Letterspasies foutief

4. Bladsybreuk nie ingevoeg nie en/of foutief

5. Ek spel foutief – verregaande; ewigdurende; mannehaters; uithouvermoë; inherente; uitdagings; bewerkstellig

6. Vetdruk – nie verander nie en/of foutief en/of
   Kursief – nie verander nie en/of foutief en/of
   Dubbelonderstreep – nie verander nie en/of foutief

7. [Eksamennommer] links en [VRAAG 9] regs nie as kopskrif ingevoeg nie en/of foutief

8. Gespasieerde hoofletters foutief

9. Nuwe paragrawe foutief

| | | | |
|---|---|---|---|
| ¼ | 9 | 2 | 11 |
| ½ | 18 | 5 | 23 |
| ¾ | 27 | 7 | 34 |
| | **36** | **9** | **45** |

## VRAAG 9 (VERVOLG)

**1 kantruimtes (2,54 cm/1"), belyning, reëlafstande 2 A4-portret, tabelstoppe/inkeep, woordbreking Ja 3 font/fontgrootte, bk/ok, letterspasies 7 [Eksamennommer] links en [VRAAG 9] regs as kopskrif**

EKSAMENNOMMER VRAAG 9

**5 sp**

In 2021 en met die verregaande aantal vrouemoorde in Suid-Afrika, is dit nie tyd om 'n frase soos ''n Vrou hou die mes aan die skerp kant vas' te bevraagteken nie?

Dit beteken dat die krag van 'n vrou daarin lê om enige vorm van emosionele en fisiese mishandeling te verduur. Maar, het jy geweet dat 'n vrou elke drie uur vermoor word? Volgens die Wêreldgesondheidsorganisasie, is dit vyf keer meer as die wêreldwye gemiddeld. Al wil ons sosiale media die skuld gee, wil dit voorkom asof die verduring van die mishandeling bydra tot die ewigdurende siklus van mishandeling en selfs *vrouemoord*.

**5 sp 6 kurs**

DIE GEVAAR VAN UKUBEKEZELA **3 bk 6 dubbelo/streep** ¼

Vroue wat mishandel word, is self geneig om ander te mishandel, veral hul kinders, en vergeet om vir hulself te lewe. Hulle word selfs mannehaters wat mans verag. **5 sp**

WAAROM ONS NIE LANGER BLINDELINGS KAN UITHOU NIE **3 bk 6 dubbelo/streep**

Die rede is dat die kanse groot is dat jy deur jou maat vermoor kan word. "Jy moet net kyk na die gevalle van vrouemoord wat in die land voorkom om te sien waarheen die mishandeling lei", sê Mbuli, wat waarsku dat blindelingse aanhou kan lei tot mishandelde-vrou-sindroom, wat aangeleerde hulpeloosheid is wat veroorsaak dat 'n vrou glo dat sy die mishandeling verdien en dat sy nie daarvan kan wegkom nie. Die gevaar hiervan is dat dit dikwels daartoe lei dat die slagoffers hul maats vermoor. ½

UKUBEKEZELA VS UITHOU IN DIE VERHOUDING **3 bk 6 dubbelo/streep**

Gesonde uithouvermoë erken dat daar aangeleenthede in die verhouding is wat deur albei partye bespreek en opgelos moet word. 'n Mens weet egter wanneer 'n verhouding nie werk nie, maar ons inherente menslike aard maak dat ons glo dat ons kan uithou en probeer, ongeag die probleme wat in die verhouding bestaan. Die slegte kant van aanhou in 'n toksiese verhouding is dat dit die siklus voorsit waarin iemand die slagoffer is. Dit is ook nie goed as jou verhouding of huwelik belangriker as jou eie lewe en welstand word nie, veral nie wanneer jy deur jou maat mishandel word nie. **5 sp**

¾ **4 bladsybreuk**

## VRAAG 9 (VERVOLG)

EKSAMENNOMMER VRAAG 9

KIES DIE DUIWEL WAT JY KEN **3 bk 6 dubbelo/streep**

Is hy regtig beter? Die duiwel wat jy ken verblind jou vir die feit dat daar patrone is wat nooit sal verander nie. Ja, jy mag die duiwel ken, maar as die duiwel nie bereid is om aan die uitdagings in die verhouding te werk nie, is die kanse goed dat jy alleen daaraan sal werk om verandering te bewerkstellig. Dit wat aan jou bekend is, is dalk nie noodwendig goed vir jou nie. **5 sp**

**8 gesp hfls 6 vetdruk**

**V E R S L A G D E U R V R O U E - O R G A N I S A S I E**

| | | | |
|---|---|---|---|
| ¼ | 9 | 2 | 11 |
| ½ | 18 | 5 | 23 |
| ¾ | 27 | 7 | 34 |
| | **36** | **9** | **45** |

**[45]**

**TOTAAL AFDELING B: 100**
**GROOTTOTAAL: 300**

Kopiereg voorbehou